



# NG KERK RANDBURG

## ”HUISKERK”

- Vir almal in COVID 19 afsondering -

**Sondag 12 Julie 2020**

### 1. Groet mekaar sommer heel aan die begin:

Jy is **kind van God** ... **broer en suster van Jesus Christus** ... **tempel van die Heilige Gees** ... GENADE, LIEFDE EN VREDE VIR JOU ... as jy alleen is ... verander jy/jou met ek/my ... en hou jouself styf vas vir paar oomblikke ...

### 2. 4 maande se grendeltyd is verby

... min van ons het gedink dit gaan so lank wees ... as ons eerlik is ... wie het gedink dit gaan so ingrypend en rampspoedig vir soveel mense wees nie ... *kyk bietjie na Hompie Kedompie ... wat sê die prentjie vir jou van ons tyd?*



### 3. Ons mag ons mag ons broosheid en radeloosheid erken

... in gemeente kry mense swaar op verskillende maniere ... enkeles werk verloor ... ander met verminderde inkomste ... beleef uitdagende werksomstandighede ... ouer mense sosiaal afgesny ... ander worstel met gesondheid ... as gemeente 12 bejaarde lidmate aan dood afgestaan ... dink vanmôre aan die families van ... *Pat Ferreira, Hein Smit, Sus Nel, Leon Mereis, Stan Schoeman, Marié Casey, Pieter Marx, Bennie en Cynthia Spies, Fritz Theron, Alida Richard en Pam Gouws.*

### 4. Kom kry nou rus by God

... Hy **verstaan wat ons nog nie eers kan sê** ... Hy **hoor ons vrae** ... Hy **voel ons gees** sug ... luister na Neil Buchner se lied ...

🎵 In hierdie oomblik ... <https://www.youtube.com/watch?v=Qs4MjlbCH1I>

### 5. Ons gaan vir 3 weke besig wees met Romeine 8.

Baie ryk hoofstuk ... vandag die eerste 11 verse ... lees dit nou saam ... ook ander vertalings as dit kan ...

Vandag se fokus is vers 11 ... **Hoor weer hoe God ons sien en oor ons dink:** *Julle word deur die Gees van God beheer ... die Gees van God wat in julle woon sal julle lewend maak ...*

### 6. Kom ons loof God vir hierdie belofte

... *sing saam of luister net aanbidkend* ...

🎵 Lofkeurspel ... <https://www.youtube.com/watch?v=fMtd49QjzC0>

### 7. Wat sê die Woord vandag?

- Ons leef in 'n tyd van onmoontlikhede - beleef die uiterste ontwrigting, sterwe van hope mense, hoogs aansteeklike virus-karakter bedreig ons ... plaas ondraaglike las op mediese dienste en ekonomiese wêreld ... ervaar vreemde emosies sonder naam ... hoor van mense wat hulle werk verloor ... nie een van ons weet presies waarheen ons oppad ... of wat nou die beste en regte keuses is ... onmoontlikhede vang ons gedagtes en gevoelens vas ... word 'n ander soort mens ... as wat was of eintlik wil wees ... vir God wees.

- Kan vandag voel soos Hompie Kedompie – wonder of die week wat kom jou tyd is om van die muur af val ... of jy het dalk reeds geval en jou lewe lê aan skerwe ... weet nie hoe óóit gaan heel word. Rom 8 se belofte so duidelik-sterk: DIE GEES VAN GOD SAL ONS LAAT WEES WAT ONS REEDS DEUR JESUS IS ... versorgde kinders van 'n liefdevolle Vader-God ... Hy maak lewe in skerwe moontlik ...
- Die oproep aan eerste lesers ook vir ons waar ... ONTHOU JY WORD WAT JY DINK JY IS ... as met denke bly fokus op die ou lewe en jouself bly dit jou vang en beheer en gaan op manier dood ... *you are choking yourself* ... as jy fokus op die Jesus-liefde en Gees-krag sal jy bly lewe in al die onmoontlikhede ... laat ons op ander dinge fokus ... gee wysheid ... vreemde vrede en aansteeklike blydschap ... al manier waarop ons nie in gedagtes en gevoelens deur tyd gevang word en verlam versmoor in vrees ... *onseker knak met baie vrae*
- Die lewe-gewende Gees ... gee die geloof om sonder 'n padkaart agter die Een aan te stap wat self die Weg is ... Hy is die enigste seker pad vorentoe ... dit gee die vrede om jou nie meer te bekommer oor hoe jou lewenspad vorentoe lyk of wat jy nog alles moet bereik nie en nie gaan of wat jy alles nog kan verloor nie ...
- Hoor hoe mooi verwoord The Message die belofte ... *Those who enter into Christ's being-here-for-us no longer have to live under a continuous, low-lying black cloud. A new power is in operation. The Spirit of life in Christ, like a strong wind, has magnificently cleared the air, freeing you from a fated lifetime ...*
- Die stryd tussen wat die Gees kan en ons wil duur voort ... daarom lewensbelangrik ... elke dag so bewus wees van die wonderlike heelmaak wat Gees vir ons wil bring ... die lae donker wolke van flenters voel sonder heelmaak kan lig ... helder strale van liefde wil laat skyn ... *eensame hartseer, skuld van slegte keuse, kwynende gesondheid, bankrekening wat leeg drup, verhouding verbrokkel, virus-tyd sonder keerdatum ...*
- Ons Verlosser vra ... bly **Gees-beheers, Jesus-gesentreerd** en **God-gefokus!** So word die **onmoontlikhede moontlik!**

#### 10. Kom **bely saam** ...

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper en Bewaarder van die hemel en die aarde.

Ek glo in Jesus Christus, God se eniggebore Seun, ons Here.

Ek glo Hy is ontvang van die Heilige Gees en is gebore uit die maagd Maria.

Ek glo Hy het gely onder Pontius Pilatus, is gekruisig en het gesterf.

Ek glo Hy het só helse pyn en vernedering vir my gely.

Ek glo Jesus Christus het op die derde dag weer opgestaan uit die dood.

Ek glo Jesus Christus het opgevaar na die hemel en Hy regeer saam met God, ons almagtige Vader.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan die gemeenskap van die gelowiges op aarde.

Ek glo aan die vergewing van sondes.

Ek glo aan 'n ewige lewe. Amen.

#### 11. Luister saam na hierdie **lied van vryheid** ... die **Gees wat lewe gee sal jou laat bly lewe!**

🎵 I will sing of my Redeemer ... [https://www.youtube.com/watch?v=QXtdepfC\\_2w](https://www.youtube.com/watch?v=QXtdepfC_2w)

## VIR DIE KINDERS ...

In die flik Paddington 2 (2018) is die tronk se kok baie ongewild. Hy maak aaklige, grillerige kos. Kyk eers na die greep: <https://www.youtube.com/watch?v=1XT-SQ2DPyk&t=17s>

- Wat gebeur hier? Laat die kinders mooi dink ... kyk hoe verander die sjef wat gewoon is aan slegte kos wat hyself maak as hy iets anders proe ... **die verskil wat die Gees kan maak aan ons lewe wat so gewoon raak aan al die slegte goed om ons ...**

Maar Paddington leer hom hoe om marmelade te maak. Kyk nou na die greep:

<https://www.youtube.com/watch?v=i5EHEZUAFVc>

Hierdie greep wys hoe die rowwe gevangene se sterk, gevaarlike hande skielik "orange squeezers" word. In die storie verander sy identiteit van slegte kok na uitstekende sjef.

- Help die kinders om raak te sien ... Die Heilige Gees neem wie ons is, met gebrokenheid en al, en verander ons van mense wat ander naer maak, na mense wat ander bly maak.

**God los nie stukkende Hompie Kedompies op die grond nie ... Hy tel hulle op en laat hulle weer lewe ... dink saam oor wat dit alles vir julle as gesin in ons slegte tye beteken ...**